KENNISGEWING 371 VAN 2019

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Boksburg Kliëntesorg Sentrum) gee hiermee ingevolge Artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), gelees met Artikel 96 (3) van die gemelde Ordonnansie en verder saamgelees met die Wet Op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), kennis dat ‘n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Area Bestuurder: Stadsbeplanningsafdeling, Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, Boksburg Kliëntesorgsentrum, 3de Vloer, Boksburg Burgersentrum, hoek van Trichardtsweg en Commissionerstraat, Boksburg vir ‘n tydperk van 28 dae vanaf 27 Februarie 2019.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne ‘n tydperk van 28 dae vanaf 27 Februarie 2019 skriftelik by of tot die Area Bestuurder: Stadsbeplanningsdepartment, Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, Boksburg Kliëntesorgsentrum by die bogenoemde adres of by Posbus 215, Boksburg, 1460 ingedien of gerig word.

BYLAE: Naam van dorp: Beyers Park Uitbreiding 123 Dorpsgebied; Naam van applikant: Sunflower Eagle (Pty) Ltd; Aantal erwe in voorgestelde ontwikkeling: 1 x “Industrieël 2” erf vir ‘Pakhuisfasiliteite en mini-fabriekies’ en 1 x “Residensieël 3” erf vir wooneenhede/residensiële geboue teen ‘n digtheid van 60 (sestig) erwe per hektaar; Beskrywing van grond: Hoewe 30, Westwood Kleinhoewes; Lokaliteit: Geleë te Michelsonweg 30, Westwood Kleinhoewes, Boksburg.

Gemagtigde Agent: Leon Bezuidenhout Pr Pln (A/628/1990), Leon Bezuidenhout Stads- en Streeksbeplanning Bk, Posbus 13059, Northmead, 1511; Tel: (011) 849-3898/ (011) 849-5295; Sel: 0729261081; E-pos: weltown@absamail.co.za; TE 945/18

27-6